Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 23 JANUARIE 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die lede op die eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 2019.
Raadsheer R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl P E Solomons.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Desember 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. NOVEMBER 2018

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 2 word ingesluit in die Halfjaarlikse Prestasie- en Begrotingsevalueringsverslag, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die periode November 2018.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die periode November 2018.

6.3 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.3.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.3.2 BRANDWEERDIENS

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die periode November 2018;

(b) dat, op versoek van die Uitvoerende Burgmeester, ‘n opname gemaak word van alle informele strukture in die Swartland munisipale gebied aangesien die laaste volledige opname in April 2017 was.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die periode November 2018.

7. NUWE SAKE

7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2017/2018 FINANSIëLE JAAR (7/1/1/1)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Ouditverslag nog nie vanaf die Ouditeur-Generaal ontvang is nie. Die Uitvoerende Burgemeester kan nie die jaarverslag oorweeg in die afwesigheid van die ouditverslag nie en daar word derhalwe –

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word dat die Ouditeur-Generaal, ten spyte van hulle skriftelike mededeling dat die Ouditverslag van “’n ongekwalifiseerde oudit met materiële sake” op die laatste teen 18 Januarie 2019 uitgereik sal word, die Ouditverslag nog nie ontvang is nie;

(b) Dat daar verder met kommer kennis geneem word van voormelde laat uitreiking van die Ouditverslag deur die Ouditeur-Generaal en die risiko wat dit vir Swartland Munisipaliteit inhou ten opsigte van die voorlegging van die jaarverslag binne die voorgeskrewe statutêre tydsraamwerk;

(c) Dat daar kennis geneem word dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dus nie die jaarverslag kan oorweeg vir aanbeveling aan die Raad sonder die Ouditverslag nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word dat ’n spesiale Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering op kort kennisgewing gehou sal moet word, sodra die Ouditverslag ontvang word.

7.2/...

7.2 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (7/1/1/2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging geskied ter voldoening aan die verantwoordelikheid wat die Uitvoerende Burgemeester opgelê is om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2019)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2018/19 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2018/2019: HALF-JAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING, TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1; 5/1/1/2)

Die halfjaarlikse aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 15 Januarie 2019 oorweeg ten einde tegniese aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê en derhalwe word –

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2019)

(a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie, maar sal lei tot ‘n verhoging in die begrote surplus van R 10 914 610 na ‘n begrote surplus van R 16 149 238;

(c) Dat die ongemagtigde bestedings geïllustreer onder 2.5 (a) goedgekeur word as deel van die aansuiweringsbegroting van 2018/2019 in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(f) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Oorrol Aansuiwerings begroting 2018/2019	Spesiale Aansuiwerings begroting 2018/2019	Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2018/2019
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 98 565 331
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 693 672 465
Bedrysinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 761 793 817
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 47 926 610)	(R 51 742 724)	(R 60 586 724)	(R 68 121 352)
Minus: Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 51 972 114
(Surplus)/ Tekort	(R 10 951 610)	(R 10 951 610)	(R 10 914 610)	(R 16 149 238)

7.4 WYSIGING VAN DIE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/4)

Die spesiale aansuiweringsbegroting wat op 13 Desember 2018 deur die Raad goedgekeur is noodsaak 'n wysiging van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat op 14 Junie 2018 en 19 September 2018 onderskeidelik deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur is.

'n Verdere wysiging van die SDBIP sal plaasvind na die goedkeuring van die half-jaarlikse aansuiweringskapitaal en –bedryfsbegroting.

BESLUIT

Dat die aangehegte gewysigde 2018/2019 Dienslewering- en Begroting-implementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.5 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2018/2019 (2/4/2)

Die noodsaaklikheid om van die sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens te wysig het gedurende die eerste semester van die 2018/2019 finansiële jaar aan die lig gekom. Die wysigings het tot gevolg dat die KPI's en teikens meer duidelik omskryf word en ook meer realisties is.

Die wysiging van die KPI's en teikens sal ingevolge artikel 42 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) aan die publiek bekend gemaak word.

BESLUIT

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word terugwerkend met ingang van 1 Julie 2018.

7.6 1STE WYSIGING VAN DIE 2018/2019 MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die 2018/2019 MIG-projekimplementeringsplan is op 16 Mei 2018 aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA) deurgegee. Tenders is ingewin vir die 2018/2019 MIG-projekte waarvan sommige tenders baie hoër ingekom het met die gevolg dat 'n herallokasie van fondse gedoen moet word.

'n Gewysigde 2018/2019 MIG-projekimiplementeringsplan is gevolglik opgestel wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg moet word vir voorlegging aan COGTA.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die tenders wat ingewin is vir MIG-projekte vir die 2018/2019 finansiële jaar, uitgesluit die Moorreesburg WWTW-opgradering wat slegs vir professionele fooie was, baie hoër ingekom het as wat die verwagting was;

(b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer 'n herallokering van fondse tussen die MIG-projekte gedoen moet word en dat die 2018/2019 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2018/2019 finansiële jaar goedgekeur word:

Tabel/...

7.6/...

Nr	Projek	Begroting
1	*Rehabilitate Water Networks (WC1287/W/14/17)*	R 2 142 895.00
2	*Malmesbury De Hoop: New Reservoir (WC/1649/W/16/19)*	R 8 538 444.00
3	*Malmesbury De Hoop: External Sewer (WC/1650/S/16/20)*	R 6 222 816.00
4	*New Sports Grounds: Chatsworth (WC1605/CF/16/18)*	R 2 852 895.00
5	*Upgrade Moorreesburg WWTW (WC1710S/17/122)*	R 1 146 505.00
	Totaal	**R 20 945 000.00**

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

7.7 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2018 TOT 31 DESEMBER 2018 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Oktober 2018 tot 31 Desember 2018, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.8 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE OPENBARE OORLASTE (1/1)

Die voorlegging van die konsep verordening geskied ingevolge paragrawe 56 en 57 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, soos afgekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant, Nr 7501 gedateer 2 Oktober 2015.

Met die hersiening van die Verordening insake Openbare Oorlaste gedurende 2015 was die Raad geadviseer om die aanhou van diere, spesifiek honde, uit vermelde verordening weg te laat, aangesien dit reeds gedeeltelik deur die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning gereguleer word.

Die ondervinding is egter dat, veral die aantal honde wat op persele aangehou word, 'n openbare oorlas veroorsaak en dat die verordening weer hersien moet word om bestaande tekortkominge aan te spreek.

Die gewysigde verordening is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2019)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die konsep Verordening insake Openbare Oorlaste aan die Raad op 31 Januarie 2019 vir beginselgoedkeuring voorgelê word;

7.8/...

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.9 STATUS QUO EN WYSIGING VAN DIE 2017-2022 MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR) (15/1/4/1)

Die waarnemende Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman, hou die voorgestelde wysigings van die 2017-2022 Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor. Daar word spesifiek drie fokusareas met die voorgestelde wysigings aangespreek, naamlik (1) behuising, (2) institusionele behoeftes en (3) begraafplaas behoeftes.

Die voorlegging via die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan die Munisipale Raad op 31 Januarie 2019 het ten doel om ‘n aanvang te neem met die publieke deelname proses. Vir hierdie doel sal daar ook besoeke gebring word aan al die wykskomitee-vergaderings wat reeds vanaf Maandag, 28 Januarie 2019 ‘n aanvang geneem het.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek, met verwysing na die sportgronde/atletiekbaan wat tussen Liebenberg Primêr en Schoonspruit Sekondêre gebou gaan word, dat ‘n ter plaatse inspeksie gedoen word na die gronde rondom Lienbenberg Skool om te bepaal of dit vir onderwysdoeleindes gebruik kan word om dit dienooreenkomstig in die ROR aan te dui..

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2019)

(a) Dat kennis geneem word van die status quo van die 2017-2022 Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) en die voorgestelde wysiging met spesifieke verwysing na die fokusareas, naamlik (1) behuising; (2) institusionele behoeftes en (3) begrafplaas behoeftes;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die eerste konsep wysiging aan die 2017-2022 ROR in terme van paragraaf 7(1)(b) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 gedateer 3 Maart 2017) vir publieke kommentaar bekend gemaak word;

(c) Dat die voorgestelde wysiging van die ROR aan die Provinsiale Minister en ander staatsorgane beskikbaar gestel word vir kommentaar;

(d) Dat die tydperk vir publieke deelname sal wees vanaf Februarie tot Maart 2019 en dat daar opedae in die meeste van die dorpe in die Swartland munisipale gebied gehou sal word soos per aangehegte skedule.

7.10 AANSTELLING VAN LID VAN DIE WAARDASIE-APPèLRAAD VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/2/2/1)

Die Waardasie Appèlraad is begin 2016 vir ‘n termyn van vier jaar ingevolge artikel 60 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (Wet 6 van 2004) aangestel wat eindig op 29 Februarie 2020.

In Junie 2018 het me T Kuyk bedank as lid van die Waardasie Appèlraad wat die Munisipaliteit noodsaak om weer ‘n lid vir die res van die termyn aan te stel. Mnr A H Rootman, ‘n inwoner van die Swartland, het destyds aansoek gedoen om op die Waardasie Appèlraad te dien.

BESLUIT

(a) Hiermee word aanbeveel dat die aansoek van, mnr A H Rootman, aan die Minister van Plaaslike Regering vir aanstelling as lid van die Swartland Munisipaliteit se Waardasie Appélraad voorgelê word;

(b) Mnr Rootman se termyn van aanstelling verstryk op 29 Februarie 2020 saam met die bestaande lede van die Appèlraad.

7.11 INKOMSTEBESKERMINGS- EN VERLIESBEHEERBEAMPTE: ME BELINDA MARAIS (P/…)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot die aanstelling van me Belinda Marais as President Elect van die *Southern Africa Revenue Protection Association* (SARPA).

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die aanstelling van me Marais tydens die Raadsvergadering van 31 Januarie 2019 in die teenwoordigheid van lg. bekend gemaak word.

BESLUIT

(a) Dat me Belinda Marais gelukgewens word met haar verkiesing as President Elect van die *Southern Africa Revenue Protection Association* (SARPA);

(b) Dat kennis geneem word van die verkiesing van me Marais as President Elect van die *Southern Africa Revenue Protection Association* en onderneem om haar te ondersteun in die uitvoering van haar verpligtinge en verder kennis te neem dat ‘n aanvaarbare bedrag begroot sal moet word vir die aanbieding van die nasionale konferensie van SARPA wanneer nodig.

7.12 ABBOTSDALE: BOTTERKLOOF (ERF 167) BEHUISINGSPROJEK: MOONTLIKE TER SYDE STELLING VAN KAPITAAL BYDRAES (15/3/3-1)

Die plase Botterkloof en Klein Botrivier in die Paardeberg-omgewing is sedert November 2016 onder nuwe eienaarskap. Die eienaars, Botterkloof Boerdery, is van voorneming om die boerdery om te skakel vanaf hoofsaaklik uitvoer-vrugteverbouing na veeboerdery. Lg. is egter nie so arbeidsintensief nie en het die eienaars besluit om erf 167, Abbotsdale aan te koop om ‘n gesubsidieerde behuisingsprojek vir plaaswerkers te vestig.

Die voorlopige begroting vir die projek is R5 500 000.00 en word daar beoog om 26 duplex-huise te bou wat in drie blokke gegroepeer sal word. Die projek sal ook by die NHBRC geregistreer wees en dus aan alle bou- en munisipale regulasies voldoen ten einde hoë gehalte bouwerk te verseker.

Die Departement van Menslike Nedersettings het reeds aangedui dat die projek ondersteun word en subsidies sal teen ‘n bedrag van R3 800 000.00 voorsien word. Die bedoeling van die eienaars is om die huise gratis aan die begunstigdes te voorsien, en moet die eienaars derhalwe instaan vir die balans van R1 700 000.00.

Indien die projek suksesvol geïmplementeer word kan dit as ‘n beste praktyk gebruik word, aangesien die Munisipaliteit voortdurend gekonfronteer word deur afleggings van plaaswerkers op plase en plaaseienaars wat grond in dorpe wil bekom om plaaswerkers te akkommodeer.

‘n Versoek is vanaf Botterkloof Boerdery ontvang om die ontwikkeling vry te stel van kapitaalontwikkelingsbydraes, aangesien die eienaars reeds R1 700 000.00 bydra tot die projek en nie beoog om ‘n wins te maak in die voorsiening van behuising vir hul plaaswerkers nie.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dit op rekord stel dat die Abbotsdale: Botterkloof Behuisingsprojek ondersteun word;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die vrystelling van kapitaalbydraes per eenheid vir hierdie projek, aangesien dit gesubsidieerde behuising is, maar dat elke aansoek in die toekoms op meriete hanteer sal word na gelang van die beskikbaarheid van infrastruktuur;

(c) Dat, met verwysing na paragraaf (b), die grondgebruiksvoorwaardes dienooreenkomstig gewysig word.

7.13 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat op ‘n jaarlikse basis by wyse van ‘n openbare mededingingsproses vir akkerboudoeleindes beskikbaar gestel word.

Die tender sal slegs toegeken word, hetsy ten behoewe van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre- of kulturele aktiwiteite gemoeid is.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir ‘n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2019;

(b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om ‘n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en ‘n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;

(d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2018 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2018.

7.15 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: JANUARIE 2019 (5/7/3)

Nieteenstaande die feit dat deernishuishoudings subsidie op basiese dienste ontvang, en die kredietbeheerafdeling huishoudings daarop attent maak om veral water spaarsamig te gebruik, is daar van hierdie huishoudings se rekeninge wat maandeliks eskaleer. Die oorsaak van voormelde is hoofsaaklik die sosio-ekonomiese toestande waarin die meerderheid van deernishuishoudings hulself bevind, asook die hoër watertariewe. Die bedrag wat vir afskrywing voorgelê word is R1 237 879.29.

Ten opsigte van uitstaande debiteure wat oninvorderbaar is het die kredietbeheerafdeling alle moontlike pogings aangewend om gelde te vorder. Die totale bedrag wat vir afskrywing voorgelê word is R168 286.81 en kan daaraan toegeskryf word dat, byvoorbeeld, die rekeninghouer oorlede is, persone nie opgespoor kan word nie en rekeninghouers wat nie oor die finansiële vermoë beskik om enige betalings te maak nie.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat besoek gebring word aan die hoogste waterverbruikers wat in Eskom-verspreidingsgebiede woon en waar kredietbeheer nie toegepas kan word nie.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1 237 879.29 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R168 286.81 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

7.15/…

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

7.16 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.17 HERSEELPROGRAM VIR STRATE: 2018/2019 (16/5/5/1)

Die bedrag van R14 miljoen is beskikbaar in die 2018/2019 finansiële jaar vir die herseel van strate. Die beskikbare fondse word proporsioneel verdeel tussen die dorpe in die Swartland munisipale area volgens die totale lengte van geteerde strate.

Die *Pavement Management System*, sowel as ter plaatse inspeksies word gebruik om die strate te identifiseer wat herseel moet word. Die stelsel prioritiseer strate volgens die klassifikasie en toestand van die straat.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte herseelprogram goedkeur ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar;

(b) Dat kennis geneem word dat dit 'n voorlopige program is en aangepas kan word namate die uitgawes verbonde aan voorbereidingswerk bekend is.

7.18 WYSIGING VAN VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word op 'n jaarlikse basis hersien ten einde tred te hou met die nuutste wetgewende vereistes en toepaslike regulasies. Die wysigings handel met die hantering van afwykings van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 36 van die beleid.
Die gewysigde beleid is met die sakelys gesirkuleer vir voorlegging aan die Raad op 31 Januarie 2019.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid ten opsigte van paragraaf 36(1)(3), soos aangedui in Aanhangsel A, met onmiddellike effek goedgekeur word en ten opsigte van paragraaf 2(6)(d) met ingang van 1 Mei 2019.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER